Administrator's Notice 571

12 May, 1971

GERMISTON AMENDMENT SCHEME NO. 3/23.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Germiston Town-planing Scheme No. 3, 1953, by the rezoning of Portion 1 of Lot No. 33 Klippoortje Agricultural Lots Township from "Special Residential" to "General Residential" with a density of "One dwelling per 10,000 sq. ft." subject to certain conditions.

Verwydering van Lyk deur die Raad van Een Graf na 'n Ander.

41. As dit na die mening van die Raad te eniger tyd raadsaam is om 'n lyk te verwijder of as 'n lyk strydig met hierdie verordeninge in 'n graf begrawe is, kan die Raad sodanige lyk na 'n ander graf laat verwijder: Met dien verstande dat die toestemming, indien moontlik, van 'n nabestaande van die afgestorwene eers verkry moet word en die bepalings van die toepaslike ordonnansie nagekom word.

Mediese Beampete moet Aanwesig Wees.

42. Behoudens die bepalings van artikel 41, mag niemand 'n lyk opgrawe of verwijder nie, tensy die mediese beampete van die Raad of sy gemagtigde assistent aanwesig is.

Misdrywe en Strafbepalings.

43. Iemand wat —

- (a) die bepalings van artikels 4, 5, 7(2), 8, 9, 10, 11, 12, 14, 18, 22, 25, 27(2), 28, 29, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 38, of 39 oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen; of
 - (b) 'n lyk begrawe of laat begrawe of toelaat dat dit begrawe word in enige ander plek as in 'n begraafplaas; of
 - (c) in 'n begraafplaas gevind word gedurende die ure wanneer dit nie vir die publiek oop is nie; of
 - (d) 'n lyk in die begraafplaas sonder die toestemming van die opsigtiger soos vereis by artikel 13(1) begrawe of laat begrawe,
- begaan 'n misdryf en is by eerste skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete en by 'n tweede of latere veroordeling met 'n boete van hoogstens R100 of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

BYLAE.

TARIEF VAN GELDE.

1. *Teraardebestellings.*

- (1) Volwassenes, elk: R2.
- (2) Kinders, elk: R1.

2. *Opgravings.*

Per opgraving: R4.

P.B. 2-4-2-23-26.

Administrateurskennisgewing 571

12 Mei 1971

GERMISTON-WYSIGINGSKEMA NO. 3/23.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Germistondorp aanlegskema No. 3, 1953, gewysig word deur die hersonering van Gedeelte 1 van Lot No. 33 dorp Klippoortje Landboulotte van „Spesiale Woon“ tot „Algemene Woon“ met 'n digtheid van „Een woonhuis per 10,000 vk. vt.“ onderworpe aan sekere voorwaardes.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Germiston and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Germiston Amendment Scheme No. 3/23.

P.B. 4/9/2/1/23-3

Administrator's Notice 572

12 May, 1971

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME NO. 1/429.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946, by the rezoning of Freehold Stand Nos. 3823, Remaining Extent of 3825, 3824 and 4379, Johannesburg Township, from "General Residential" to "Special" in Height Zone 2, to permit the erection of a public hotel subject to certain conditions.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme No. 1/429.

P.B. 4-9-2-2-429

Administrator's Notice 573

12 May, 1971

ERMELO AMENDMENT SCHEME NO. 1/18.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Ermelo Amendment Scheme No. 1/18 the Administrator has approved the correction of the error in that in the scheme clauses the number "(VII)" must be substituted for the number "(IX)".

P.B. 4/9/2/14/18

Administrator's Notice 574

12 May, 1971

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 229.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Northern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 229 the Administrator has approved the correction of the error in that in paragraph 2 of the scheme clauses the number "(XXX)" must be substituted for the number "(XXXIII)".

P.B. 4-9-2-212-229.

Administrator's Notice 575

12 May, 1971

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 142.

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Germiston en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston-wysigingskema No. 3/23.

P.B. 4/9/2/1/23-3

Administrateurskennisgewing 572

12 Mei 1971

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 1/429.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Johannesburg-dorpsaanlegskema No. 1, 1946 gewysig word deur die hersonering van Eindomsreg-Standplaas Nos. 3823, Resterende Gedeelte van 3825, 3824 en 4379 dorp Johannesburg, van „Algemene Woon" tot „Spesiaal" in Hoogte Sone 2, vir die oprigting van 'n publieke hotel onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema No. 1/429.

P.B. 4-9-2-2-429

Administrateurskennisgewing 573

12 Mei 1971

ERMELO-WYSIGINGSKEMA NO. 1/18.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Ermelo-wysigingskema No. 1/18 ontstaan het, het die Administrateur die regstelling van die fout goedgekeur deurdat in die skemaklousules die nommer "(VII)" vervang moet word met die nommer "(IX)".

P.B. 4/9/2/14/18

Administrateurskennisgewing 574

12 Mei 1971

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 229.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Noordelike Johannesburg-wysigingskema No. 229 ontstaan het, het die Administrateur die regstelling van die fout goedgekeur deurdat in paragraaf 2 van die skemaklousules die nommer "(XXX)" vervang moet word met die nommer "(XXXIII)".

P.B. 4-9-2-212-229.

Administrateurskennisgewing 575

12 Mei 1971

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 142.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe,

whereas an error occurred in Northern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 142, the Administrator has approved the correction of the error in that in paragraph (b) of the scheme clauses the number "(XLII)" must be substituted for the number "(XLVI)".

P.B. 4-9-2-212-142

1965 bekend gemaak dat nademaal 'n fout in die Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema No. 142 ontstaan het, het die Administrateur die regstelling van die fout goedgekeur deurdat in paragraaf (b) van die skemaklousules die nommer „(XLII)” vervang moet word met die nommer „(XLVI)”.
P.B. 4-9-2-212-142

Administrator's Notice 576

12 May, 1971

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM ROODEPOORT 40-I.S.: DISTRICT OF BEHAL.

In view of application having been made on behalf of Mr. P. J. de Wet for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 967.5057 hectare, to which remaining portion of portion 15 of the farm Roodepoort 40-I.S. District of Bethal, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of section 56 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge objections, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 34, Ermelo, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 051-056-37/3/92

Administrateurskennisgewing 576

12 Mei 1971

VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS ROODEPOORT 40-I.S.: DISTRIK BETHAL.

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens mnr. P. J. de Wet om die opheffing of vermindering van die serwituut van uitspanning, groot 1/75ste van 967.5057 hektaar, waaraan resterende gedeelte van gedeelte 15 van die plaas Roodepoort 40-I.S., distrik Bethal onderworpe is, is die Administrateur van voorname om ooreenkomsdig artikel 56 van die Padordonansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne drie maande vanaf datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaidepartement, Privaatsak 34, Ermelo, skriftelik in te dien.

D.P. 051-056-37/3/92

Administrator's Notice 577

12 May, 1971

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM VLAKNEK 392-K.Q.: DISTRICT OF THABAZIMBI.

In view of application having been made by Mr. E. J. Taylor and Mrs. M. A. Höll for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 3455 morgen 176 square roods to which the Remaining Portion of the farm Vlaknek 392-K.Q., district of Thabazimbi is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv) subsection (1) of section 56 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 82063, Rustenburg, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

D.P. 08-086-37/3/V/27

Administrateurskennisgewing 577

12 Mei 1971

VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS VLAKNEK 392-K.Q.: DISTRIK THABAZIMBI.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. E. J. Taylor en mev. M. A. Höll om die opheffing of vermindering van die serwituut van uitspanning, 1/75ste van 3455 morge 176 vierkante roedes groot, waaraan die Resterende Gedeelte van die plaas Vlaknek 392-K.Q.. distrik Thabazimbi onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomsdig paragraaf (iv) subartikel (1) van artikel 56 van die Padordonansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) op te tree.

Alle persone is bevoegd om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaidepartement, Privaatsak 82063, Rustenburg, skriftelik in te dien.

D.P. 08-086-37/3/V/27

Administrator's Notice 578

12 May, 1971

HENDRINA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Administrateurskennisgewing 578

12 Mei 1971

MUNISIPALITEIT HENDRINA: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Water Supply By-laws of the Hendrina Municipality, published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November 1952, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 1 under Annexure XX of the Water Tariff under Schedule 1 to Chapter 3 the following and the renumbering of items 2, 3 and 4 to read 3, 4 and 5 respectively: —

"1. Basic Charge."

A basic charge of R1.25 per month, shall be levied per erf, stand, lot or other area, with or without improvements, which is or, in the opinion of the Council, can be connected to the main, whether water is consumed or not.

2. Charges for the Supply of Water.

(1) For the supply of water to each household or substantive business not belonging to or occupied by the same owner of the same premises, irrespective of the existence of a separate connection or not, the following charges shall be payable, per month: —

- (a) For the first 15 kilolitres or part thereof: R2.05.
- (b) For the next 15 kilolitres, per 5 kilolitres or part thereof: 55c.
- (c) For the next 20 kilolitres, per 5 kilolitres or part thereof: 45c.
- (d) Thereafter, per 5 kilolitres or part thereof: 35c.

(2) For the supply of water from hydrant connections for the extinguishing of fires, per 5 kilolitres or part thereof: 55c."

P.B. 2-4-2-104-60.

Administrator's Notice 579

12 May, 1971

NABOOMSPRUIT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Naboomspruit Municipality, published under Administrator's Notice 1057, dated 16 October 1968, as amended, is hereby further amended as follows: —

1. By the substitution for item 2 of the following: —

"2. Removal of refuse."

- (1) For the removal of refuse from dwelling-houses, churches and nursing homes, twice weekly, per receptacle, per month: R1,10:
- (2) For the removal of refuse from offices, professional chambers, businesses and State and Provincial institutions: —
 - (a) Twice weekly, per receptacle, per month: R1,20.
 - (b) Thrice weekly, per receptacle, per month: R1,60.
- (3) For the supply of refuse receptacles by the Council, per receptacle per month: R1."

2. By the substitution in item 3(1) for the expression "100 gallons" of the expression "454 litres".

P.B. 2-4-2-81-64.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Hendrina, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 1 onder Aanhangsel XX van die Watertarief onder Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang en items 2, 3 en 4 onderskeidelik te hernommer 3, 4 en 5: —

"1. Basiese Heffing."

'n Basiese heffing van R1.25 per maand, word gehef per erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, wat by die hoofwaterpyp aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie.

2. Vorderings vir die levering van water.

(1) Vir die levering van water aan elke huis-houding of selfstandige besigheid wat nie aan dieselfde eienaar op dieselfde perseel behoort of deur hom geokkupeer word nie, ongeag of 'n afsonderlike aansluiting bestaan of nie, is die volgende gelde betaalbaar, per maand: —

- (a) Vir die eerste 15 kiloliter of gedeelte daarvan: R2.05.
- (b) Vir die volgende 15 kiloliter, per 5 kiloliter of gedeelte daarvan: 55c.
- (c) Vir die volgende 20 kiloliter, per 5 kiloliter of gedeelte daarvan: 45c.
- (d) Daarna, per 5 kiloliter of gedeelte daarvan: 35c.

(2) Vir die levering van water vanaf brandkraansluitings vir die blus van brande, per 5 kiloliter of gedeelte daarvan: 55c."

P.B. 2-4-2-104-60.

Administrator'skennisgewing 579

12 Mei 1971

MUNISIPALITEIT NABOOMSPRUIT: WYSIGING VAN SANITÈRE EN VULLISVERWYDERINGS-TARIEF.

Dic Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitère en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Naboomspruit, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1057 van 16 Oktober 1968, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig: —

1. Deur item 2 deur die volgende te vervang: —

"2. Verwydering van Vullis."

(1) Vir die verwydering van vullis van woonhuise, kerke en verpleeginrigtings, twee keer per week, per blik, per maand: R1,10.

(2) Vir die verwydering van vullis van kantore, professionele kamers, besighede en Staats- en Proviniale inrigtings: —

- (a) Twee keer per week, per blik, per maand: R1,20.
- (b) Drie keer per week, per blik, per maand: R1,60.

(3) Vir die verskaffing van vullisblikke deur die Raad, per blik, per maand: R1."

2. Deur in item 3(1) die uitdrukking „100 gellings” deur die uitdrukking „454 liter” te vervang.

P.B. 2-4-2-81-64.

Administrator's Notice 580

12 May, 1971

THABAZIMBI HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126 (1)(a) of the said Ordinance.

The Water Supply Regulations of the Thabazimbi Health Committee, published under Administrator's Notice 126, dated 12 February 1969, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 1(2) of the Tariff of Charges under the Schedule for the amount "0 065" of the amount "0 0925".

P.B. 2-4-2-104-104

Administrator's Notice 581

12 May, 1971

CORRECTION NOTICE.

BOKSBURG MUNICIPALITY: BY-LAWS AND REGULATIONS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

Administrator's Notice 471, dated 14 April 1971, is hereby corrected by the substitution under paragraph 1(a) —

- (i) for the amounts "5.00" and "12.00" in item 13(4)(a) of the amounts "0.05" and "0.12" respectively;
- (ii) for the amounts "8.00" and "20.00" in item 13(4)(b) of the amounts "0.08" and "0.20" respectively; and
- (iii) for the amounts "10.00" and "25.00" in item 13(4)(c) of the amounts "0.10" and "0.25" respectively.

P.B. 2-4-2-97-8.

Administrator's Notice 582

12 May, 1971

RANDFONTEIN AMENDMENT SCHEME NO. 1/11.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Randfontein Town-planning Scheme No. 1, 1948, as follows: Clause 18(e) by the addition of the following new paragraph after paragraph (iv): —

- (v) the taking in by the occupant of any employee or partner into the practice of the profession or occupation, provided that the Council may consent to the taking in of any employee or partner if the amenity of the neighbourhood will not in any way be interfered with.

The scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Randfontein and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Randfontein Amendment Scheme No. 1/11.

P.B. 4-9-2-29-11.

Administrateurskennisgewing 580

12 Mei 1971

GESONDHEIDSKOMITEE VAN THABAZIMBI: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126 (1)(a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Watervoorsieningsregulasies van die Gesondheidskomitee van Thabazimbi, aangekondig by Administrateurskennisgewing 126 van 12 Februarie 1969, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 1(2) van die Tarief van Gelde onder die Bylae die bedrag „0 065" deur die bedrag „0 0925" te vervang.

P.B. 2-4-2-104-104

Administrateurskennisgewing 581

12 Mei 1971

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT BOKSBURG: VERORDENINGE EN REGULASIES BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDEN.

Administrateurskennisgewing 471 van 14 April 1971 word hierby verbeter deur onder paragraaf 1(a) —

- (i) die bedrae „5.00" en „12.00" in item 13(4)(a) onderskeidelik deur die bedrae „0.05" en „0.12" te vervang;
- (ii) die bedrae „8.00" en „20.00" in item 13(4)(b) onderskeidelik deur die bedrae „0.08" en „0.20" te vervang; en
- (iii) die bedrae „10.00" en „25.00" in item 13(4)(c) onderskeidelik deur die bedrae „0.10" en „0.25 te vervang.

P.B. 2-4-2-97-8.

Administrateurskennisgewing 582

12 Mei 1971

RANDFONTEIN-WYSIGINGSKEMA NO. 1/11.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Randfontein dorpsaanlegskema No. 1, 1948 soos volg gewysig word: Klousule 18(e) deur die byvoeging van die volgende nuwe paragraaf na paragraaf (iv): —

- (v) die inneming deur die okkuperer van enige werknemer of vennoot in die uitvoering van die professie of beroep, met dien verstande dat die Raad sy toestemming tot die inneming van enige werknemer of vennoot mag verleen waar die bevalligheid van die gebied geensins benadeel sal word nie.

Die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Randfontein en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Randfontein-wysigingskema No. 1/11.

P.B. 4-9-2-29-11.

Administrator's Notice 583

12 May, 1971

BALFOUR AMENDMENT SCHEME NO. 1/4.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Townplanning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Balfour Town-planning Scheme No. 1, 1953, by the rezoning of Portion 35 of Erf No. 1791 Balfour Township, from "Special Residential" to "Special Business" with a density of "One dwelling per erf".

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Balfour and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Balfour Amendment Scheme No. 1/4.

P.B. 4-9-2-45-4.

Administrator's Notice 583

12 May, 1971

PRETORIA AMENDMENT SCHEME NO. 1/230.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Pretoria Town-planning Scheme No. 1, 1944, by the rezoning of Lot No. 21 and Remainder of Lot No. 22 Les Marais Township, from "Special Residential" to "Special" with a density of "One dwelling per 10,000 sq. ft." to permit the erection of Duplex flats subject to certain conditions or dwelling houses.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme No. 1/230.

P.B. 4-9-2-3-230.

Administrator's Notice 585

12 May, 1971

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME NO. 1/64.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Kempton Park Town-planning Scheme No. 1, 1952, by the rezoning of Stands No. 8 and 9, Kempton Park Township, to permit a greater height than 3 storeys, subject to certain conditions.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Kempton Park and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Kempton Park Amendment Scheme No. 1/64.

P.B. 4-9-2-16-64.

Administrator's Notice 586

12 May, 1971

NABOOMSPRUIT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-

Administratorskennisgiving 583

12 Mei 1971

BALFOUR-WYSIGINGSKEMA NO. 1/4.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Balfour-dorpsaanlegskema No. 1, 1953 gewysig word deur die hersonering van Gedeelte 35 van Erf No. 1791 dorp Balfour van „Spesiale Woon” tot „Spesiale Besigheid” met 'n digtheid van „Een woonhuis per erf”.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Balfour en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Balfour-wysigingskema No. 1/4.

P.B. 4-9-2-45-4.

Administratorskennisgiving 584

12 Mei 1971

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA NO. 1/230.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsaanlegskema No. 1, 1944 gewysig word deur die hersonering van Lot No. 21 en Restant van Lot No. 22 dorp Les Marais, van „Spesiale Woon” tot „Spesiaal” met 'n digtheid van „Een woonhuis per 10,000 vk. vt.” vir die oprigting van laedigtheidswoonstelle of woonhuise.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema No. 1/230.

P.B. 4-9-2-3-230.

Administratorskennisgiving 585

12 Mei 1971

KEMPTON PARK-WYSIGINGSKEMA NO. 1/64.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Kempton Park-dorpsaanlegskema No. 1, 1952 gewysig word deur die hersonering van Standplaas Nos. 8 en 9, dorp Kempton Park, om 'n groter hoogte as (3) drie verdiepings toe te laat onderworpe aan sekere voorwaarde.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Kempton Park en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Kempton Park-wysigingskema No. 1/64.

P.B. 4-9-2-16-64.

Administratorskennisgiving 586

12 Mei 1971

MUNISIPALITEIT NABOOMSPRUIT: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die

laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance. The Electricity Supply By-laws of the Naboomspruit Municipality, published under Administrator's Notice 4, dated 3 January, 1951, as amended, are hereby further amended by the substitution for Part III of the following:

"PART III.

Tariff of Charges.

1. Basic Charge.

A basic charge of R2 per month shall be levied per erf, stand, lot or other area, with or without improvements, excluding lots being the property of the Council, which is or, in the opinion of the Council, can be connected to the supply mains, whether electricity is consumed or not.

2. Supply Charges.

(1) *Private Dwellings, Churches and Church Halls used exclusively for public worship, per month.*

- (a) For the first 50 units or part thereof: R1,66.
- (b) For the next 200 units, per unit: 1,7c.
- (c) For the next 150 units, per unit: 1,25c.
- (d) Thereafter, per unit: 0,8c.

(2) *Flats and buildings or detached parts of buildings used exclusively for purposes of dwelling, per month:—*

- (a) Fixed charge per flat or individual building or part of a building: R2.
- (b) For the first 50 units or part thereof: R1,66.
- (c) For the next 200 units, per unit: 1,7c.
- (d) For the next 150 units, per unit: 1,25c.
- (e) Thereafter, per unit: 0,8c.

(3) *Schools and School Hostels, per month.*

- (a) For the first 200 units, per unit: 4,5c.
- (b) Thereafter, per unit: 4c.

(4) *Motor Garages, Welding Works and similar consumers.*

- (a) *Consumers with an installed kilowatt up to and including 15 kW, per month:—*
 - (i) Per kW or part thereof: R1.
 - (ii) For the first 1000 units, per unit: 3,4c.
 - (iii) Thereafter, per unit: 2,5c.
- (b) *Consumers whose installed kilowatt power exceeds 15 kW, per month:—*
 - (i) Per kW or part thereof: 50c.
 - (ii) For the first 1000 units, per unit: 3,4c.
 - (iii) Thereafter, per unit: 2,5c.

(5) *South African Railways and Harbours, per month.*

- (a) Fixed charge, per kW or part thereof: R1.
- (b) Per unit: 3c.

(6) *Temporary Supply.*

- (a) Fixed charge per month or part of a month: R5.
- (b) Per unit: 3c.

verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is. Die Verordeninge op die Lewering van Elektrisiteit van die Municipaliteit Naboomspruit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 4 van 3 Januarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel III deur die volgende te vervang:

"DEEL III.

Tarief van Gelde.

1. *Basiese heffing.*

'n Basiese heffing van R2 per maand word gehef per erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, uitgesonderd erwe wat die eindom van die Raad is, wat by die hoofleidings aangesluit is of; na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie.

2. *Leweringsheffings.*

(1) *Woonhuise, Kerke en Kerkale wat uitsluitlik vir openbare aanbidding gebruik word, per maand.*

- (a) Vir die eerste 50 eenhede of gedeelte daarvan: R1,66.
- (b) Vir die volgende 200 eenhede, per eenheid: 1,7c.
- (c) Vir die volgende 150 eenhede, per eenheid: 1,25c.
- (d) Daarna, per eenheid: 0,8c.

(2) *Woonstelle en geboue of losstaande gedeeltes van geboue uitsluitend vir die doel van woning gebruik, per maand.*

- (a) Vaste heffing per woonstel of individuele gebou of gedeelte van 'n gebou: R2.
- (b) Vir die eerste 50 eenhede of gedeelte daarvan: R1,66.
- (c) Vir die volgende 200 eenhede, per eenheid: 1,7c.
- (d) Vir die volgende 150 eenhede, per eenheid: 1,25c.
- (e) Daarna, per eenheid: 0,8c.

(3) *Skole en Skoolkoshuise, per maand.*

- (a) Vir die eerste 200 eenhede, per eenheid: 4,5c.
- (b) Daarna, per eenheid: 4c.

(4) *Motorhawens, Sweiswerke en dergelyke verbruikers.*

(a) *Verbruikers met 'n geïnstalleerde kilowatt van tot en met 15 kW per maand:—*

- (i) Per kW of gedeelte daarvan: R1.
- (ii) Vir die eerste 1000 eenhede, per eenheid: 3,4c.
- (iii) Daarna, per eenheid: 2,5c.

(b) *Verbruikers met 'n geïnstalleerde kilowatt van meer as 15 kW, per maand:—*

- (i) Per kW of gedeelte daarvan: 50c.
- (ii) Vir die eerste 1000 eenhede, per eenheid: 3,4c.
- (iii) Daarna, per eenheid: 2,5c.

(5) *Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, per maand.*

- (a) Vaste heffing, per kVA of gedeelte daarvan: R1.
- (b) Per eenheid: 3c.

(6) *Tydelike toevoer.*

- (a) Vaste heffing, per maand of gedeelte van maand: R5.

- (b) Per eenheid: 3c.

- (7) *Recreation Clubs, Hospitals, Maternity and Nursing Homes.*
- Per unit: 2c.
 - Minimum charge per month or part thereof: R2.
- (8) *Business:*
- This tariff shall apply to the supply of electricity to the following:*
 - Shops.
 - Trading Concerns.
 - Offices.
 - Boarding-houses.
 - Co-operative Societies registered in terms of Act 29 of 1939.
 - Commercial Banks.
 - Hotels.
 - Bars.
 - Cafes, Tearooms or Restaurants.
 - Combined shops and Tearooms.
 - Public Halls.
 - Clubs, excluding recreation clubs.
 - Drive-in theatres and indoor bioscopes.
 - Any other type of consumer not specifically mentioned in these tariffs.
 - The following charges shall be payable, per month:*
 - Fixed charge: R3.
 - Per unit: 2,5c.
- (9) *Industries within the Municipality, per month:*
- A fixed maximum demand charge per kVA per month or part thereof, metered over a period of any consecutive 30 minutes by means of a kVA meter: R1.
 - Per unit: 3c.
 - Minimum charge: R15.
- (10) *Consumers outside the Municipality, per month:*
- A fixed charge which shall entitle the consumer to a maximum of 10 kVA per month: R10.
 - Demand in excess of 10 kVA, per kVA: R1.
 - For the first 1000 units, per unit: 2c.
 - For all units in excess of 1000 units, per unit: 1,5c.
- (11) *Municipal Use.*
- The consumption of electricity shall be charged at cost.
3. *Connections within and outside Municipality.*
- The charges payable in respect of any connection for the supply of electricity shall be calculated at the actual cost of all materials and labour, plus a surcharge of 10 per cent on such amount.
 - Before the work is commenced, a deposit equal to the estimated amount due shall be paid. After the connection is completed, the consumer shall pay the full amount due if the estimated amount is less than the amount due: Provided that if the amount due be less than the estimated amount, the Council shall refund amount overpaid.
4. *Reconnections.*
- Where the electricity supply to any premises is disconnected owing to non-payment of account or for non-compliance with any provision of the Council's by-laws, and thereafter reconnected, the following charges shall be payable in advance:
- Within the municipality: R3.

- (7) *Ontspanningsklubs, Hospitale, Kraam- en Verpleeginrigtings.*
- Per eenheid: 2c.
 - Minimum vordering per maand of gedeelte daarvan: R2.
- (8) *Besighede:*
- Hierdie tarief is van toepassing op die levering van elektrisiteit aan die volgende:
 - Winkels.
 - Handelsake.
 - Kantore.
 - Losieshuise.
 - Koöperasies geregistreer kragtens Wet 29 van 1939.
 - Handelsbanke.
 - Hotelle.
 - Kroeë.
 - Kafecs, Teekamers of Restaurante.
 - Gekombineerde winkels en teekamers.
 - Openbare sale.
 - Klubs, uitgesonderd ontspanningsklubs.
 - Inryteaters en bininemuurse bioskope.
 - Enige ander tipe verbruiker nie spesifiek in hierdie tariewe genoem nie.
 - Die volgende geldie is betaalbaar, per maand:
 - Vaste heffing: R3.
 - Per eenheid: 2,5c.
- (9) *Nywerhede binne die Munisipaliteit, per maand.*
- 'n Vaste maksimum aanvraagheffing, per kVA per maand of gedeelte daarvan, gemeter oor 'n tydperk van enige agtereenvolgende 30 minute deur 'n kVA meter: R1.
 - Per eenheid: 3c.
 - Minimum vordering: R15.
- (10) *Verbruikers buite die Munisipaliteit, per maand.*
- 'n Vaste heffing wat die verbruiker die reg gee op 'n maksimum van 10 kVA per maand: R10.
 - Aanvraag bo 10 kVA per maand, per kVA: R1.
 - Vir die eerste 1000 eenhede, per eenheid: 2c.
 - Vir alle eenhede bo 1000 eenhede, per eenheid: 1,5c.
- (11) *Munisipale Verbruik.*
- Die verbruiker van elektrisiteit word teen koste gehef.
3. *Aansluitingsgeldie binne en buite die munisipaliteit.*
- Die geldie betaalbaar ten opsigte van enige aansluiting vir die levering van elektrisiteit word bereken teen die werklike koste van alle materiaal en arbeid, plus 'n toeslag van 10 persent op sodanige bedrag.
 - 'n Deposito gelykstaande met die beraamde betaalbare bedrag ingevolge subitem (1) moet gestort word voordat 'n aanvang met die werk gemaak word: Sodra die aansluiting gemaak is, moet die verbruiker die volle bedrag betaal indien die beraming minder as die betaalbare bedrag is: Met dien verstande dat indien die betaalbare bedrag minder as die beraamde bedrag is, die Raad die bedrag wat te veel gestort is, moet terugbetaal.
4. *Heraansluitings.*
- Waar die elektrisiteitstoevoer na 'n perseel op grond van wanbetaling of nie-voldoening aan enige bepaling van die Raad se verordeninge afgesluit word en daarna herangesluit word, is die volgende geldie vooruitbetaalbaar:
- Binne die munisipaliteit: R3.

- (2) Outside the municipality: R3.
 (3) In addition to the charges payable in terms of subitem (2), a transport charge of 16c per kilometer or part thereof shall be payable.
 (4) For the calculation of the charges payable in terms of subitem (3), the number of kilometers travelled shall be calculated on the full distance of the return journey from and to the municipal offices and shall be accepted to be the distance registered by the Council's vehicle used to make the reconnection."

P.B. 2-4-2-36-64.

Administrator's Notice 587

12 May, 1971

LOUIS TRICHARDT EXTENSION NO. 4 TOWNSHIP: RECTIFICATION OF AN ERROR IN NOTICE DECLARING THE TOWNSHIP AN APPROVED TOWNSHIP IN TERMS OF SECTION 70 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965 ORDINANCE 25 OF 1965).

In terms of section 70 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965) the Administrator hereby rectifies the English Schedule to Administrator's Notice No. 403 of the 31st March, 1971, whereby Louis Trichardt Extension No. 4 Township was declared an approved township by the substitution for the figures "2203" in clause A3(b)(i) of the figures "2283".

P.B. 4/2/2/2984 Vol. 2.

Administrator's Notice 588

12 May, 1971

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP IN TERMS OF SECTION 69 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Lakefield Extension No. 13 Township situated on Portion 253 of the farm Kleinfontein No. 67-I.R., district Benoni, an approved township and in the Schedule to this notice the conditions upon which the application for the establishment of the said township has been granted, are set forth.

P.B. 4-2-2-2787

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY BOBBIES INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 253 OF THE FARM KLEINFONTEIN NO. 67-I.R., DISTRICT BENONI, WAS GRANTED.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. Name.

The name of the township shall be Lakefield Extension No. 13.

2. Design of Township.

The township shall consist of erven and a street as indicated on General Plan S.G. No. A.1073/68.

- (2) Buite die munisipaliteit: R3.
 (3) Benewens die geldie betaalbaar ingevolge subitem (2), is 'n vervoerkoste van 16c per kilometer of gedeelte daarvan betaalbaar.
 (4) Vir die berekening van die geldie betaalbaar ingevolge subitem (3), word die aantal kilometer afgelê oor die volle afstand vir die heen en terugreis na die munisipale kantore bereken, en word aanvaar te wees die afstand geregistreer deur die voertuig van die Raad wat vir die aansluiting gebruik word."

P.B. 2-4-2-36-64.

Administrateurskennisgewing 587

12 Mei 1971

DORP LOUIS TRICHARDT UITBREIDING NO 4: HERSTELLING VAN 'N FOUT IN KENNISGEWING WAARDEUR DIE DORP TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP VERKLAAR IS, INGEVOLGE ARTIKEL 70 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965. (ORDONNANSIE 25 VAN 1965).

Ingevolge artikel 70 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) herstel die Administrateur hierby die Engelse Bylae by Administrateurskennisgewing No. 403 van 31 Maart 1971 waardeur die dorp Louis Trichardt Uitbreiding No. 4 tot 'n goedgekeurde dorp verklaar is, deur die syfer „2203“ in klosule A3(b)(i) te vervang deur die syfer „2283“.

P.B. 4/2/2/2984 Vol. 2.

Administrateurskennisgewing 588

12 Mei 1971

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP INGEVOLGE ARTIKEL 69 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) verklaar die Administrateur hierby die dorp Lakefield Uitbreiding No. 13 geleë op Gedeelte 253, van die plaas Kleinfontein No. 67-I.R., distrik Benoni, tot 'n goedgekeurde dorp en in die Bylae by hierdie kennisgewing is die voorwaardes uiteengesit waarop die aansoek om die stigting van bedoelde dorp toegestaan is.

P.B. 4-2-2-2787

BYLAE

VOORWAARDEN WAAROP DIE AANSOEK GEZOEN DEUR BOBBIES INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 253 VAN DIE PLAAS KLEINFONTEIN NO. 67-I.R., DISTRIK BENONI, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDEN.

1. Naam.

Die naam van die dorp is Lakefield Uitbreiding No. 13.

2. Ontwerpplan van die Dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en 'n straat soos aange wys op Algemene Plan L.G. No. A.1073/68.

3. Street.

The applicant shall form, grade and maintain the street in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the local authority.

4. Endowment.

- (i) The Township owner shall, in terms of the provisions of section 63(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, No. 25 of 1965, pay as an endowment to the local authority a sum of money equal to 16½% of the land value of erven in the township and such endowment shall be paid in accordance with the provisions of section 74 of the said Ordinance and shall be used for the construction of streets, for stormwater drainage purposes and the provision of recreation facilities or for such other purposes as specified in section 76 of the Ordinance.
- (ii) The township owner shall, in pursuance of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, No. 25 of 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of erven in the township.

The area of this land shall be calculated on the basis of the number of flat units which can be erected in the township multiplied by 160 square feet. Each flat unit to be taken as 1,000 square feet in extent.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

5. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes if any, including the reservation of rights to minerals.

6. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance, No. 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of:

- (i) such erven as may be acquired by the State; and
 - (ii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required —
- shall be subject to the conditions hereinafter set forth imposed by the Administrator under the provisions of

3. Straat.

Die applikant moet die straat in die dorp vorm, skraap en onderhou tot voldoening van die plaaslike bestuur tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant na raadpleging met die plaaslike bestuur van tyd tot tyd geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligtigs te onthef.

4. Begiftiging.

